

## LES 10: DIE FAMILIE NAAM VAN DIE SKEPPER

Jakobus 2:10 stel dit duidelik: *“Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.”*

'n Ware verbondslid, gedoop en daardeur lid van die liggaam van Messias, sal nie doelbewus enige van die 10 gebooie breek nie, maar tog is daar baie mense wat hulself kinders van die Skepper noem wat wel Sy gebooie verbreek.

### 10.1 Wat sê die derde gebod?

*Eks 20:7 Jy mag die Naam van Yahweh jou Elohim nie ydellik gebruik nie, want Yahweh sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.*

Die Heilige Naam van ons Skepper is bykans 7000 keer vervang deur vertalers wat die oorspronklike Hebreeuse tekste gebruik het om die Bybel te vertaal tot in Afrikaans. Die Heilige naam van ons Skepper, **YaHWeH**, word vervang met die woorde "God" en "Here". God en Here is titels, NIE persoonlike name NIE. Indien verder navorsing sou gedoen word, sal ons ontdek dat die oorsprong van hierdie woorde die name van heidense afgode is. Daar word ook na Vader Yahweh verwys as: Die Almagtige, Alomteenwoordige, Genadige Vader ensovoorts, maar weereens is hierdie slegs titels wat Hom beskryf, maar dit is nie Sy persoonlike naam nie.

Die persoonlike naam van Die Skepper in Hebreeus is, **Yod, Hey, Vav, Hey, YaHWeH**. Deur Sy naam byna 7000 keer te vervang met 'n generiese titel van Here en God is beslis 'n oortreding van die derde gebod. Die derde gebod spesifiseer dat ons nie Sy naam *ydellik* mag gebruik nie, maar wat word hiermee bedoel?

Dit verwys na die verandering, die vervalsing van Sy ware naam na 'n ander naam, die veralgemening van die Almagtige Vader se naam met 'n algemene, alledaagse titel in plaas van Sy persoonlike naam en die minagting van Die Naam bo alle name. Hoe kan ons ons Vader uitken as ons Hom wil aanbid, aan Hom wil dank betoon, Hom wil loof en prys, of meer belangrik, om Hom aan Sy ander verlore kinders weer bekend stel na ons verlore gegaan het? Yahweh en Sy wonderlike naam het nooit verlore gegaan nie. Ons het.

In hierdie les word die belangrikheid van die familie naam van die Skepper bewys, en hoe daardie naam in die Skrif uitgesonder word bo enige ander naam in die heelal.

### 10.2 Die Hemelse Vader sê vir ons in die Skrif wat sy persoonlike naam is en dat dit Sy naam verewig sal wees

*Eks 3:15 Toe sê Elohim verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Yahweh, die Elohim van julle vaders, die Elohim van Abraham, die Elohim van Isak en die Elohim van Jakob, het My na julle gestuur. Dit is My Naam vir ewig, en dit is My gedenknaam van geslag tot geslag.*

Die naam van die Skepper is Yahweh. Elke mens is tog trots op hul eie naam. As jou naam Dawid is, maar iemand noem jou aanhoudend Daniël, sou dit beledigend wees. Dit sal selfs meer aanstootlik wees as iemand wat jy baie goed ken, soos jou Pastoor of jou eie ouers skielik jou naam vergeet. Nou, dink net hoe jy sal voel as jou eie kinders jou naam vergeet?

Elke Hebreeuse naam het 'n betekenis. Eliyahu beteken, my Elohim is Yahweh, Daniël beteken my Regter is Elohim. Daar is nie 'n naam in Hebreeus wat nie 'n betekenis het nie en tog dink menigte mense dat die Skepper van die heelal nie 'n naam het nie en ook nie omgee wat ons Hom noem nie.

Hoe is die naam van Yahweh verander? Voor die 1500's was daar geen drukperse nie. Bybels was uitsluitlik gebruik in sinagoges en kerke. Eers ná die uitvinding van die drukpers was die Bybel gedruk en tot beskikking gestel vir die gemiddelde persoon.

Een van die eerste Bybels by die drukpers was die King James Bybel om en by 1592, waar die verkorte naam van Yahweh, Yah, verskyn het. As gevolg van anti-Semitiese pogroms teen die Joodse volk was alles wat geassosieer kon word met die Joodse geloof vervang met iets anders, daarom het die vertalers besluit om die Naam bo alle name vanuit die Bybel te verwyder. Met ander woorde die naam van die Skepper van die heelal, YHWH, was vervang met titels soos Meester en God.

### **10.3 Volg jy mensgemaakte tradisies of volg jy Yahweh?**

*Mar 7:6 En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af.*

*Mar 7:7 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.*

*Mar 7:8 Want terwyl julle die gebod van Elohim nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekere, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.*

*Mar 7:9 En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van Elohim opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.*

Die Bybel was oorspronklik in Hebreeus geskryf. Afrikaans is 'n moderne taal, net 'n bietjie meer as 'n honderd jaar oud en is gebaseer op ander tale, soos Nederlands en Duits. Die naam van Yahweh is byna 7000 keer vervang met generiese titels, as gevolg van Bybelse vertalers wat teen die Torah gekant is, wat glo dat die Sondag as Sabbatdag geheilig moet word met heidense tradisies wat sommiges navolg en hul vertalings laat beïnvloed het daardeur.

### **10.4 Wat sê die Skrif oor leiers wat nie die Torah onderhou nie?**

*Jes 8:20 Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.*

Wanneer 'n verkeerde vertaling van die Heilige Skrif met die Skepper se naam veranderd gelees word, dan is ons ook skuldig aan die oortreding van die derde gebod, selfs al doen ons dit nie opsetlik nie. Met die vertaling van die Bybel was woorde by die Skrif gevoeg en weggelaat. Die verandering van die Hemelse Vader se naam met titels soos Here en God, wat nie in die oorspronklike manuskripte voorkom nie, maar aangevul word deur die vertalers, is die grootste voorbeeld hiervan.

Wat sal die straf wees vir diegene wat woorde byvoeg of wegneem van die Woord van Yahweh?

*Deut 4:2 Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van Yahweh julle Elohim mag onderhou, wat ek julle beveel.*

*Op 22:19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal Elohim sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.*

Weereens sien ons die erns van die verandering van enige woord in die Skrif, des te meer die verandering van die mees belangrikste naam in die heelal, die naam van die Skepper, Yahweh. Enige een wat die Skrif verander sal uit die boek van die lewe uitgewis word. Dit is presies wat die vertalers van die Bybel gedoen het.

Die eerste punt wat ons goed moet verstaan is dat persoonlike name nie vertaal word nie.

Persoonlike name word getransliterereer. Die woord 'water' word in Italiaans vertaal as 'aqua'. Daar is hoegenaamd geen verband aan hierdie twee woorde nie. Hulle is heeltemal anders in die twee verskillende tale. Maar eiename, soos George Bush, word nie vertaal nie, maar getransliterereer in enige gegewe taal. Dit beteken dat name dieselfde bly. Foneties mag dit dalk 'n bietjie anders klink wanneer dit in ander tale uitgespreek word, maar wanneer daar byvoorbeeld na 'n Engels, Afrikaans of Zulu uitsending geluister word, sal jy die ander taal hoor en dan 'n naam soos George Bush in sy bekende vorm. Bush word nie Bos nie. Name bly dieselfde, maak nie saak in watter taal hulle uitgespreek word nie. As name nie vertaal word nie, maar getransliterereer word, hoe kan die woorde "God" en "Here" 'n transliterasie van die naam Yahweh wees, as dit geen fonetiese verband hou nie?

*Eks 3:13 Hierop het Moses tot Elohim gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die Elohim van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? —wat moet ek hulle antwoord?*

"God", of meer korrek by die Hebraeuse titel, Elohim, was nie Sy naam nie, want hulle sou vir Moses gevra het "*Hoe is sy naam?*" met ander woorde, watter god? Dit dien as bewys dat "God" nie die persoonlike naam van die Skepper is nie want daar is menigte gode. Allah is die god van die Moslems, Vishnu is die god van die Hindoes. Die Hebraeuse woord Elohim, wat in die meeste Bybels as 'God' vertaal word, is 'n generiese titel vir "opper wese", maar Yahweh is die persoonlike naam van die Opperste Wese en Skepper van hemel en aarde.

### **10.5 Die Hemelse Vader sê vir Moses om aan die Israeliete te vertel wat Sy naam is**

*Eks 3:15 Toe sê Elohim verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Yahweh, die Elohim van julle vaders, die Elohim van Abraham, die Elohim van Isak en die Elohim van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.*

In die oorspronklike Hebraeuse teks was die naam wat ons Hemelse Vader vir Moses gesê het Sy naam vir ewig sou wees, Yahweh. Ons Hemelse Vader het baie titels en eienskappe soos Almagtig Vader, alomteenwoordige, genadige ensovoorts, maar dit is en bly eienskappe en nie Sy persoonlike naam nie. As iemand sê dat Yahweh baie verskillende name in die Skrif het is dit nie waar nie. Hy het verskeie titels en eienskappe, maar slegs een **PERSOONLIKE NAAM!**

Doen 'n woord studie in die Hebraeuse geskrifte oor die naam Yahweh en jy sal vind dat slegs die naam Yahweh die persoonlike familienaam van ons Hemelse Vader is en word amper 7000 keer in die Ou Testament alleen gebruik. Byna 70 persent van elke verwysing na ons Skepper word Sy persoonlike familienaam, Yahweh gebruik.

Die volgende mees gebruikte verwysing na die Skepper is, Elohim. Soos reeds gesê is dit nie 'n persoonlike naam nie, maar 'n titel. Die res van die name wat gebruik word is El Shaddai (Almagtige El) Adonai, Geneesheer, Verlosser ensovoorts wat eienskappe van ons Vader is maar ook titels en nie persoonlike name nie. Die titels word net 'n paar keer gebruik behalwe Adonai (Meester) wat omtrent 408 keer gebruik word, in vergelyking met ons Vader wat 7000 keer Yahweh genoem word.

Nog 'n baie belangrike word gemaak wanneer daar in gedagte gehou word dat die Bybel oorspronklik in Hebreus geskryf was. In Hebreus is die generiese woord vir god, El of Eli en in die meervoud vorm, Elohim. Die naam "god" kom slegs eenkeer in die Hebraeuse Skrif voor en dit was toe Yahweh die Israeliete gestraf het vir aanbidding van die valse Babiloniese god. Foneties word die persoonlike naam van daardie Babiloniese god as "gawd" uitgespreek.

*Jes 65:11 Maar julle wat Yahweh verlaat, wat my heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod [gad] en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot—*

In die afrikaanse vertaling word die woord "geluksgod" gebruik, maar die konkordansie nommer 1408 is 'gad'. Interessant genoeg is dat die wêreld nie die ware, persoonlike familienaam van ons Hemelse Vader Yahweh ken nie, maar Satan se naam is nie verlore of omstrede in enige taal nie, maar word duidelik uitgespreek in sy wêreld. Aangesien name getranslitereer word is dit baie verdag dat die persoonlike naam van die Babiloniese god "gad" gebruik word as die algemene titel om die persoonlike naam van Yahweh te vervang.

## **10.6 Wat sê die Skrif?**

*Eks 22:20 Hy wat aan die gode offer, behalwe aan Yahweh alleen, moet met die banvloek getref word.*

*Eks 23:13 En in alles wat Ek julle gesê het, moet julle jul in ag neem. En die naam van ander gode mag julle nie vermeld nie; dit mag uit jou mond nie gehoor word nie.*

In Hebreeus verwys hierdie teks nie dat wanneer jy lees die naam van 'n valse god nie gespreek mag word nie, maar eintlik wanneer jy bid of 'n gelofte aflê mag die naam van 'n heidense godheid nie uit jou mond gehoor word nie. In gebed spreek ons slegs die naam van Yahweh aan, die Vader in die Hemel. Dit is bewys dat die woord "god" die persoonlike naam van die Babiloniese god is, daarom is dit teen die Skrif om in daardie naam te bid, en of dit in die plek van die naam van die Skepper, Yahweh te stel.

Die informasie mag dalk aanstoot gee aan iemand wat die Skepper, Yahweh se naam vir die eerste keer hoor, maar wees eerlik met jouself, as iemand wat 'n Moslem is tot geloof in Yahshua kom en begin om die diens by te woon, sou jy hom toelaat om in die naam van Allah te bid? Of as 'n Hindoe tot geloof kom en begin om jul vergaderings by te woon, sou hy toegelaat word om tot Vishnu te bid? Hoekom sal ons dan toelaat dat iemand tot "god" bid wanneer ons absolute sekerheid het dat dit nie die naam van die Skepper is nie, maar die persoonlike naam van 'n Babiloniese god? Die enigste antwoord is tradisie. Mense aanvaar die persoonlike naam van 'n Babiloniese god omdat hulle dit so lank al doen, net soos die aanbidding op Sondag, of heidense vakansiedae soos Kersfees.

## **10.7 Yahweh is 'n jaloerse Elohim**

*Eks 20:5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, Yahweh jou Elohim, is 'n jaloerse Elohim wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;*

### **10.7.1 Hy is jaloers op sy naam**

*Ese 39:25 Daarom, so sê Yahweh: Nou sal Ek die lot van Jakob verander en My ontferm oor die hele huis van Israel en ywer vir my heilige Naam.*

Yahweh is nie jaloers vir redes van trots soos die mens nie. Hy is jaloers oor Sy Skepping en dat die mens glo in valse gode wat hulle nie kan dien nie en net lei op 'n dwaalspoor van sonde. Deur hulde te bring aan die naam van Yahweh, sal Hy in staat wees om Sy mense te seën want hulle aanbid die ware Skepper van die heelal in gees en in waarheid.

Begin jy om die prentjie te sien? Dit is duidelik vanuit die Skrif dat die Elohim van Abraham, Isak en Jakob vir ons sê dat Sy persoonlike naam Yahweh is, dat Hy 'n jaloerse Elohim is en dat Sy glorie nie met ander heidense gode verwar of vereenselwig moet word nie.

*Jes 42:8 Ek is Yahweh, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.*

Elke godsdiens in die wêreld het 'n persoonlike naam vir hul valse god. Het jy al ooit gewonder hoekom die Christendom die enigste godsdiens is wat nie 'n persoonlike naam vir hul god het nie? Die naam God is 'n titel, maar is ook die persoonlike naam van die antieke Babiloniese god, "gad".

*Hand 17:23 Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan 'n onbekende Elohim. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle.*

Die Grieke het so baie vals gode gehad dat hulle selfs 'n opskrif aan die onbekende Elohim opgeteken het. Paulus het dit gebruik as 'n weg om Yahweh, die enigste Elohim, aan hierdie mense te openbaar.

Let wel dat hy dit nie deur middel van veroordeling doen nie, maar deur die onthulling van die enigste ware "elohim" wat hulle uitgelaat het. Die Hemelse Vader is genadig want al het ons nie vantevore sy persoonlike naam geken nie, het Hy gekyk na die bedoeling van ons hart en nog steeds gebede beantwoord of selfs siekte genees omdat ons Hom ken vanuit Sy Woord. Maar nou dat ons weet dat sy ware naam Yahweh is, verwag ons Hemelse Vader dat ons nie sal voortgaan om Hom langer te roep met valse name nie.

*Hand 17:30 Elohim het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,*

### **10.8 Die Skrif sê vir ons wat om te doen, noudat ons die naam van die Skepper ken**

*Ps 34:1 'n Psalm van Dawid, toe hy hom kranksinnig gehou het voor Abiméleg en dié hom weggejaag het, sodat hy heengegaan het. (34:2) Alef. Ek wil Yahweh altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees.*

*Ps 34:2 (34:3) Bet. My siel sal hom beroem in Yahweh; die ootmoediges sal dit hoor en bly wees.*

*Ps 34:3 (34:4) Gimel. Maak Yahweh saam met my groot, en laat ons saam sy Naam verhef!*

*2 Sam 22:47 Yahweh leef! En geloofd sy my rots, en laat verhoog wees die Elohim wat die rots is van my heil!*

*2 Sam 22:48 Die Elohim wat my die wraak gee en volke onder my neerwerp;*

*2 Sam 22:49 en wat my uitlei onder my vyande uit; ja, U verhef my bo my teëstanders, U bevry my van die man van geweld*

*2 Sam 22:50 Daarom wil ek U loof, o Yahweh, onder die nasies, en tot eer van u Naam wil ek psalmsing;*

Die Woord beveel ons om die naam van Yahweh te loof, en om ook die naam van Yahweh te seën, en om te sing tot die naam van Yahweh. Dit is net reg om prys te gee en die naam van die enigste ware skepper in die heelal, Yahweh, in plaas daarvan om valse gode die glorie te gee.

### **10.9 Die Skrif is baie duidelik oor ons aanbidding in die spesifieke naam van Yahweh**

*Ps 99:1 Yahweh is Koning; laat die volke bewes! Hy troon op die géruks; laat die aarde sidder!*

*Ps 99:2 Yahweh is groot in Sion, en verhewe is Hy bo al die volke.*

*Ps 99:3 Laat hulle u grote en gedugte Naam loof! Heilig is Hy!*

*Ps 99:4 Ook die sterkte van die Koning wat die reg liefhet. U het bevestig wat regverdig is; U het reg en geregtigheid gedoen in Jakob.*

*Ps 99:5 Verhef Yahweh onse Elohim, en buig julle neer voor die voetbank van sy voete. Heilig is Hy!*

*Ps 99:6 Moses en Aäron was onder sy priesters, en Samuel onder die aanroepers van sy Naam. Hulle het Yahweh aangeroep, en Hy het hulle verhoor.*

*Ps 99:7 In die wolkkolom het Hy met hulle gespreek. Hulle het sy getuïenisse onderhou en die*

*insetting wat Hy hulle gegee het.*

*Ps 99:8 o Yahweh onse Elohim, U het hulle verhoor, U was vir hulle 'n vergewende Elohim en Een wat wraak oefen oor hulle dade.*

*Ps 99:9 Verhef Yahweh onse Elohim, en buig julle neer voor sy heilige berg. Want heilig is Yahweh onse Elohim.*

*Ps 105:1 Loof Yahweh, roep sy Naam aan, maak onder die volke sy dade bekend.*

*Ps 105:2 Sing, psalmsing tot sy eer, spreek van al sy wonders.*

*Ps 105:3 Beroem julle in sy heilige Naam; laat die hart van die wat Yahweh soek, bly wees.*

*Ps 105:4 Vra na Yahweh en sy sterkte; soek sy aangesig altyddeur.*

*Ps 105:5 Dink aan sy wonders wat Hy gedoen het, aan sy wondertekens en die oordele van sy mond,*

*Ps 105:6 o nageslag van Abraham, sy kneg, o kinders van Jakob, sy uitverkorenes!*

*Ps 105:7 Hy, Yahweh, is onse Elohim; oor die hele aarde is sy oordele.*

Hierdie is slegs 'n handjie vol van letterlik honderde skrifgedeeltes wat ons spesifieke opdragte en voorbeelde gee oor hoe ons Yahweh moet aanbid. Deur te jubel, te sing en om eer te gee aan die persoonlike naam van ons Skepper, Yahweh.

### **10.10 Yahshua was ook van mening dat die persoonlike Naam van Yahweh belangrik is. Hy het Sy volgelinge beveel om eerbied te gee aan die naam van Yahweh in gebed.**

*Matt 6:9 Sô moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word;*

Die heel eerste ding wat Yahshua ons vertel van gebed is om die Vader se naam te heilig en eer te betoon aan Yahweh. Bring ons werklik hulde aan Yahweh as ons Sy naam vervang met heidense of generiese name en titels?

*1 Kron 16:7 Op dieselfde dag, toe vir die eerste maal, het Dawid aan Asaf en sy broers opgedra om "loof Yahweh" te sing.*

*1 Kron 16:8 Loof Yahweh, roep sy Naam aan, maak onder die volke sy dade bekend!*

*1 Kron 16:9 Sing, psalmsing tot sy eer, spreek van al sy wonders.*

*1 Kron 16:10 Beroem julle in sy heilige Naam; laat die hart van die wat Yahweh soek, bly wees.*

*1 Kron 16:11 Vra na Yahweh en sy sterkte; soek sy aangesig altyddeur.*

*1 Kron 16:14 Hy, Yahweh is onse Elohim; oor die ganse aarde is sy oordele.*

*1 Kron 16:23 Sing tot eer van Yahweh, o ganse aarde! Verkondig sy heil van dag tot dag.*

*1 Kron 16:24 Vertel onder die nasies sy eer, onder al die volke sy wonders.*

*1 Kron 16:25 Want Yahweh is groot en baie lofwaardig, en Hy is gedug bo al die gode.*

*1 Kron 16:26 Want al die gode van die volke is afgode, maar Yahweh het die hemele gemaak.*

*1 Kron 16:27 Majesteit en heerlijkheid is voor sy aangesig, sterkte en blydschap is in sy woonplek.*

*1 Kron 16:28 Gee aan Yahweh, o geslagte van die volke, gee aan Yahweh eer en sterkte.*

*1 Kron 16:29 Gee aan Yahweh die eer van sy Naam, bring offers en kom voor sy aangesig, aanbid Yahweh in heilige gewaad.*

Dawid, die belangrikste aardse koning wat Israel ooit gehad het en wie saam met Yahshua in Sy Koninkryk sal regeer het sekerlik geweet wat die naam van die Skepper is en het eer betoon aan Yahweh se heilige naam. Moses, sowel as Samuel en die profete het die naam van Yahweh aangeroep en aanbid.

### **10.11 Yahshua se gemeente is veronderstel om na Yahweh vernoem te word**

*Ef 3:14 Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Meester Yahshua Messias,*

*Ef 3:15 van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang,*

*Joh 17:6 Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.*

*Joh 17:11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.*

*Joh 17:12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.*

Volgens die Skrif was die naam van Yahweh se gemeente nog altyd "Gemeente van Yahweh". Die Seun het in die naam van sy Vader gekom en het die gemeente na Yahweh die Vader vernoem.

### **10.11.1 Die apostel Paulus het erkenning gegee aan die naam wat Yahshua aan Sy gemeente gegee het.**

*1 Kor 1:2 aan die gemeente van Yahweh wat in Korinthe is, aan die geheilig in Yahshua Messias, die geroepe heiliges, saam met almal wat die Naam van onse Meester Yahshua in elke plek aanroep, hulle sowel as onse Yahweh:*

*Hand 20:28 Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van Yahweh te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.*

*1Tim 3:5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van Yahweh sorg dra?*

*1 Kor 11:16 Maar as iemand meen om twisgierig te wees, ons het nie so 'n gewoonte nie, en ook die gemeentes van Yahweh nie.*

*2 Kor 1:1 Paulus, 'n apostel van Yahshua Messias deur die wil van Elohim, en Timotheus, die broeder, aan die gemeente van Yahweh wat in Korinthe is, saam met al die heiliges wat in die hele Acháje is:*

Altesaam is daar 12 verwysings wat die Nuwe Testament Gemeente "Die Gemeente van Yahweh" noem. Dit is duidelik dat **dit** die naam was wat vroeë gelowiges gebruik het, volgens bevel van Yahshua en ook vanuit die Skrif sodat daardie naam deur die eeue heen behoue gebly het.

Die Woord van Yahweh (Die Tanak of Ou Testament) was aan die Jode gegee sodat die Torah vir die Nuwe Testamentiese gemeente behoue sou bly. As gevolg van eerbied wat Judaïsme op die naam van Yahweh geplaas het, het hulle nie die Vader se heilige naam uitgespreek nie, maar sodoende eintlik die naam "verlore" laat gaan in plaas daarvan om dit te behou.

Dit het eintlik uitgedraai as 'n seën vir sekulêre mense omdat hulle daagliks die verkeerde naam of titel van "god" laster of ydellik gebruik. Die derde gebod stel dit duidelik:

*Ex 20: "...want Yahweh sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie."*

In die oorspronklike Hebreeuse teks is die sonde die ydellike gebruik van die naam van ons Skepper "Yahweh", nie die ydellike gebruik van 'n ekstra naam of titel wat iemand later bygevoeg het nie.

## 10.12 Die Hemelse Vader se genade is so groot dat Hy sy naam weerhou van ongelowige mense sodat hulle dit nie ydellik sal gebruik nie.

*Rom 11:32 Want Yahweh het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.*

Ons Hemelse Vader is so genadig dat Hy sy ware naam van die oorgrote meerderheid van die wêreld verskuil het sodat hulle nie Sy heilige naam ydellik gebruik nie, want daardeur kan hulle nie 'n vloek op hulself en hul families bring nie. Dit is werklik 'n bewys van die Vader se genade en die seën vir Sy uitverkore verbondsvolk dat Hy Sy naam aan ons openbaar in hierdie eindtyd.

Net vir interessantheidshalwe, kom ons vra 'n relatiewe maklike vraag. Wat is een van die oudste en mees universele woorde in gebruik vandag, alhoewel meeste mense nie bewus is van die werklike betekenis daarvan nie? Eerstens mag 'n persoon dink dat dit iets eenvoudig is soos "hallo", "ja" of "nee", maar tog nie. Die oudste en mees gebruikte universele woord in die hele wêreld is Halleluyah! En die letterlike betekenis is: Loof Yah!

Yahweh is die Skepper van hemel en aarde. Die Hebreeuse woord "Barah" beteken "om te skep" en word in die Hebreeuse taal slegs gebruik om na Yahweh se Skepping te verwys. Aangesien alles en almal deel van Yahweh se skepping is moet alles en almal wat asem het aan Sy naam eer betoon en die wonderlike naam Yahweh loof en prys.

## 10.13 Het Yahweh alleen die mensdom en heelal geskape?

*Gen 1:26 En Yahweh het gesê: Laat **Ons** mense maak na **Ons** beeld, na **Ons** gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

*Gen 1:27 En **Elohim** het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van **Elohim** het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.*

Yah Yahweh die Vader en Yahshua Yahweh die Seun het die mens geskep in hulle ("Ons") beeld. Sommige mense sê dat Yahweh met die engele in hierdie vers praat, maar die mens is gemaak in die beeld en gelykenis van Yahweh, die Hemelse Vader, nie in die beeld van engele ("dienende geeste") nie.

*Heb 1:13 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?*

*Heb 1:14 Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?*

## 10.14 Yahshua, Yahweh die Seun, is mede-skepper saam met Yahweh, die Vader.

*Spreuke 30:4 Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kled saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? **Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet?** ('n alternatiewe vertaling maak eintlik die stelling: **Sekerlik weet jy dit.**)*

Hierdie vers spreek boekdele. Eerstens word gevra of jy werklik die naam van die Vader en Seun ken en tweedens is dit 'n bevestiging dat beide Vader en Seun teenwoordig was tydens die Skepping gedurende die Skeppings week.



## **10.15 Skriftelike bewyse vanuit die Tanak wat aandui dat Yah Yahweh 'n seun het, Yahshua Yahweh.**

*Ps 2:2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen Yahweh en teen sy Gesalfde en sê:*

*Ps 2:6 Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.*

*Ps 2:7 Ek wil vertel van die besluit: Yahweh het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.*

*Ps 2:8 Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting.*

*Jes 48:16 Kom julle nader na My, hoor dit: Ek het van die begin af nie in die geheim gespreek nie; van die tyd af dat dit gebeur, is Ek daar! En nou het die Meester Yahweh my met sy Gees gestuur.*

Hierdie messiaanse bybelteks wys dat die Messias van Israel ook die Seun van Yahweh is en medeskepper van die heelal. Yahweh is die familienaam van die Vader en Seun, daarom word die naam Yahweh vir albei gebruik. In die oorspronklike Hebreeus teks sal jy sowat 12 verwysings kry wat verwys na die Vader as Yah Yahweh en verskeie verwysings na die Seun as Yahshua Yahweh.

*Gen 19:24 En Yahweh [Yahshua Yahweh op aarde] het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van [Yah] Yahweh uit die hemel,*

Hierdie vers maak dit duidelik dat daar na die Vader en Seun verwys word as Yahweh, want dit is die familienaam. Nog 'n bybelteks wat dit bevestig is Genesis 18 waar Yahweh aan Abraham verskyn het. Volgens die Bybel het Yahweh die Vader nog nooit aan iemand op aarde verskyn nie, daarom kan dit net Yahshua Yahweh die Seun wees.

*Gen 18:1 Daarna het Yahweh aan hom verskyn by die terpentynbome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.*

Die Volledige Les 3 getiteld: "Die Familienaam van Yahweh" is beskikbaar wat van die webwerf afgelaai kan word.

## **10.16 Die Seun se naam word ook in die Nuwe Testament bekend gemaak.**

*Matt 1:20 Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van Yahweh in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees;*

*Matt 1:21 en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Yahshua noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*

Die Griekse naam Jesus het geen etimologie of inherente betekenis nie. In Hebreeus beteken Yahshua, Yahweh is verlossing, met ander woorde, dit sê presies vir ons wat die Messias van Israel vir ons gedoen het en nogsteeds sal doen. Hy het gekom om Sy volk te red van hul sondes en sal die verlossing van Israel wees.

Die Israeliete was baie praktiese mense. Die naam van die Skepper aan Moses geopenbaar was "EK IS WAT EK IS" of beter gestel in die oorspronklike Hebreeus, "EK BESTAAN". Met ander woorde, die naam was bekend gemaak en ook die feit dat die Skepper bestaan.

Vandag is ons nie so prakties soos die Israeliete nie. Hedendaags kyk mense vanuit 'n Griekse oogpunt na wat iets is in plaas van wat iets doen.

Dink vir 'n oomblik prakties of funksioneel. As jy in die eerste eeu geleef het en die Messias van Israel in Galilea gesien het, sou Hy 'n Grieks of 'n Hebreeuse naam hê? Natuurlik sou Hy 'n Hebreeuse naam gehad het met 'n betekenis van wie en wat Hy is. Die Messias van Israel, Yahweh ons verlossing en nie Jesus, wat geen etimologie of werklike betekenis het nie.

Oorspronklik was die Nuwe Testament in die Hebreeuse dialek van Aramees geskryf en die boeke en briewe was later in Grieks vertaal. Dit was hierdie proses wat daartoe gelyk het dat die Verlosser se naam, Yahshua, verander het na die Grieks/Latynse naam "Jesus".

### **10.16.1 Is daar enige bewys vanuit die Skrif wat toon dat die naam van die Verlosser die naam van Yahweh die Vader in Sy naam het?**

*Eks 23:20 Kyk, Ek stuur 'n Engel (Boodskapper) voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het.*

*Eks 23:21 Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom.*

Die naam "Jesus" is nie 'n transliterasie van die naam Yahshua nie, maar eerder getransliterer van die naam van die Griekse god van genesing, IE-Zeus. In Grieks is daar nie 'n letter J nie, daarom sal die klank "ie" 'n J voorstel. Die meeste geleerdes glo dat die naam "Jesus" 'n transliterasie van die Griekse naam "Iesous" is wat 'n transliterasie van die oorspronklike Hebreeuse naam "Yahshua" is.

Die vraag is: As die Verlosser van Israel 'n Jood uit die stam van Dawid was, hoekom sal ons Sy naam eers in Grieks translitereer, dan na die Latyns vertaal voordat ons dit in vir 'n derde keer na Engels en Afrikaans vertaal? Daar is absoluut geen logika gevolg nie en so 'n vertaalreg maak geen sin nie. Boonop breek dit ook elke reël van grammatika.

Daar is nie 'n grammatiese reël in eenige taal wat sê dat 'n naam eers in een taal en dan in 'n ander taal getransliterer moet word nie. GEEN! Hoekom sou enige iemand dit wil doen? Die Afrikaanse transliterasie vir Yahshua sal eerder Joshua of Josua, soos ons dit in die Afrikaanse vertalings het. Foneties klink Josua en Yahshua baie dieselfde. Om hierdie punt te bewys, kyk na die volgende skrifgedeelte.

*Heb 4:8 Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie.*

Interessant! In hierdie vers het die vertalers "Iesous" korrek vanuit Grieks vertaal na Josua (transliterasie vir Yahshua) en dit is presies dieselfde woord, nommer 2424 in die Strong's konkordansie wat op elke ander plek in die Nuwe Testament as "Jesus" vertaal word. Hoekom word dit hier korrek vertaal (getransliterer) maar nie op ander plekke in die Nuwe Testament nie?

Soos reeds gesê, daar is GEEN letter "J" in die Griekse taal nie en ook nie in die Hebreeuse taal nie, daarom kan ons Verlosser se naam nie Jesus wees nie. In die Hebreeuse taal het elke woord 'n 2 of 3 letter kernwoord met 'n betekenis. Yah Shua beteken Yahweh is Verlossing. Jesus of Iesous in Grieks het geen kernwoord met 'n betekenis nie. Dit bring letterlik die naam van die verlosser tot niet. Ons verkies ook om die letter Y te gebruik, weens die gebrek aan die letter J in enige semitiese tale.

As gevolg van die feit dat daar nie 'n letter "J" in Hebreeus bestaan nie, kan geredeneer word dat die naam Jehova nie die naam van die Hemelse Vader is nie. Gedurende die tyd van die tweede Tempel het die Jode begin dink dat die naam, Yahweh, te heilig was om uit te spreek. Daarom het hulle die vokale in die woord Adonai en Elohim geneem om in die heilige Naam YHWH by te voeg en sodoende met die naam Jehova vorendag gekom. Enige goeie ensiklopedie sal bewys dat dit taalkundig gesproke onmoontlik is om met die naam Jehova vorendag te kom.

### **10.16.2 Bewys in die Bybel dat die Messias 'n Hebreuse en nie 'n Griekse naam gehad het nie.**

*Hand 26:14 En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my **spreek en in die Hebreuse taal** sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.*

*Hand 26:15 Toe sê ek: Wie is U, Meneer? En Hy sê: Ek is Yahshua wat jy vervolg.*

Vanuit die Skrif word dit bewys dat Yahshua met die apostel Paulus in Hebreus gepraat het en sou tog sekerlik Sy Hebreuse Naam, Yahshua gebruik het en nie 'n Griekse naam soos Jesus nie. Tweedens en soos alreeds vermeld is daar geen letter J in Hebreus nie.

### **10.17 Is die korrekte naam werklik so belangrik? Hoeveel name in die Skrif sê vir ons dat ons redding kan ontvang?**

*Hand 4:12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.*

Die Skrif sê baie duidelik dat daar “geen ander naam” aangeroop kan word vir verlossing nie, slegs die naam Yahshua wat letterlik beteken Yahweh is verlossing.

### **10.18 'n Profesie van die Hemelse Vader se naam wat geopenbaar word in die eindtyd aan Sy oorgeblewe kudde.**

*Mal 3:16 Toe het die wat Yahweh vrees, met mekaar gespreek; en Yahweh het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat Yahweh vrees en sy Naam eer.*

*Jes 52:5 Maar nou, wat vind Ek hier? spreek Yahweh; want my volk is vir niks weggeneem, sy oorheersers maak geraas, spreek Yahweh, en my Naam word gedurigdeur die hele dag gelaster.*

*Jes 52:6 Daarom sal my volk my Naam leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek!*

*Jer 16:14 Daarom, kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat daar nie meer gesê sal word: So waar as Yahweh leef, wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie;*

*Jer 16:15 maar: So waar as Yahweh leef, wat die kinders van Israel laat optrek het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Hy hulle verdryf het. Ja, Ek sal hulle terugbring in hulle land wat Ek aan hulle vaders gegee het.*

*Jer 16:19 o Yahweh, my sterkte en my beskutting en my toevlug in die dag van benoudheid, tot U sal volke van die eindes van die aarde af kom en sê: Net leuens het ons vaders geëerwe, nietige afgode, en daaronder was niks wat voordeel kon bring nie.*

*Jer 16:20 Sal 'n mens vir hom gode maak wat tog geen gode is nie?*

*Jer 16:21 Daarom, kyk, Ek laat hulle hierdie keer voel, voel my hand en my mag; en hulle sal weet dat my Naam Yahweh is.*

*Mal 1:11 Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die heidene; en in elke plek word tot eer van my Naam reukwerk gebring en 'n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê Yahweh van die leërskaare.*

*Deut 28:58 As jy nie sorgvuldig al die woorde van hierdie wet hou wat in hierdie boek geskryf is, om hierdie heerlike en gedugte Naam, Yahweh jou Elohim, te vrees nie,...*

## **Gevolgtrekking:**

Daar is absoluut geen twyfel nie. Die Bybelse naam van ons Hemelse Vader is Yahweh en Sy Seun se naam is Yahshua. In die studie was slegs 'n paar skrifgedeeltes gegee wat handel oor die eerbied en heerlikheid van die persoonlike naam van Yahweh die Vader, Skepper van hemel en aarde. Daar is ongeveer 7000+ Bybelverse wat of direk na die Skepper se naam persoonlik verwys, of wat daarna verwys in lofprys, heiligheid, eerbied en gebed. Studeer beslis verder en bewys die feite vir jouself.

## **Kortlikse samevatting:**

1. Die oorspronklike Bybel was Hebreeus geskryf.
2. Vanuit die oorspronklike Hebreeuse Geskrifte is die persoonlike naam van ons Skepper, Yahweh, amper 7000 keer vervang met generiese titels en/of heidense name.
3. Name word getransliterer nie vertaal nie daarom bly dit dieselfde in enige taal.
4. Die naam van die Messias is Yahshua, Yahweh is verlossing, want Hy het sy volk gered van sonde.
5. God of 'gawd' was die persoonlike naam van 'n Babiloniese godheid en is slegs een keer gebruik in die Skrif, *Jesaja 65:11*, wat na die Babiloniese god verwys.
6. Yahweh bevestig in die Torah dat wanneer ons bid ons nie die persoonlike naam van enige ander god naas Hom, Yahweh mag gebruik nie.
7. Selfs baie Sabbatsverbondgelowiges bid nogsteeds in die naam van "gawd" en nie die naam Yahweh nie, selfs al word dit duidelik in die Skrif gestel: *"Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Eks 3:15)*.

Luister na die volgende boodskappe wat op die webtuiste ([www.coyhwh.com](http://www.coyhwh.com)) beskikbaar is:

- 1) Are you really reading your Bible?
- 2) Is belief in the Family of Yahweh idolatry?
- 3) The Family of Yahweh since creation.